Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

## Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 2012-08-02 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:
Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**
Cor Olivier lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**

3.1 Johan de Beer se pa is oorlede. Ons innige simpatie met hom en sy familie

**4. Verjaarsdae :**
Hansie Botha wens almal geluk wat gedurende die afgelope maand verjaar het.

**5. Teenwoordig:**

**5.1 Soos per presensie lys.**

**6. Verskonings:**

Andre le Grange
Bosman Kruger
Etienne Sales
Ivy Iverson
Johnny Rech

**7. Vorige notule:**
Die vorige notule word aanvaar. Johan de Beer voorsteller en Oom Rob sekondant.

**8. Finansies & Administrasie:**

Finansiële verslag word voorgelê:

| | |
|---|---|
| **Spaarrekening Saldo (kroeg)** | R 22 065-33 |
| **BJV Spaarrekening** | R 43 516-04 |
| **BJV Tjekrekening** | R 19 087-50 |
| **Kontant op hand** | R 4 260.00 |

Die 4x4 klub het R 8 000-00 inbetaal soos ooreen gekom en hulle word hartlik bedank vir die skenking.

**9. Nuwe Lede & Toegewyde Status**

**9.1 Nuwe Aansoeke:**

| | |
|---|---|
| **9.1.1** Christiaan Johannes v Staden | Goedgekeur |
| **9.1.2** Werner v Vuuren | Goedgekeur |
| **9.1.3** Renier de Lange | Goedgekeur |
| **9.1.4** Henry Coetzee | Goedgekeur |
| **9.1.5** Hermanus Hugo Steyn | Goedgekeur |
| **9.1.6** Ernest Botha | Goedgekeur |

**9.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | |
|---|---|
| **9.2.1** Hermanus Cornelius Nolte | Goedgekeur |

**10. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Word bespreek en afgehandel onder die onderskeie punte soos op die agenda.

**11. Klubhuis & Skietbaangronde:**

**11.1 Arbeid :**

Belinda en Brown is opdrag gegee om solank die teikens vir die Groeperingskietdag te begin plak.

**11.2 Klubhuis :**

**11.2.1** **Hek:** Die hek is opgerig, daar is egter nie plaveisel nie. Phillip Robinson sê hy sal kyk of hy 'n skenking vir 50 m/2 kan kry. Hansie Botha sê hy het palissades by sy huis wat hy sal skenk om die openinge toe te maak.

**11.2.2** Wynand Horak word bedank vir al sy moeite met die krag. Addisionele kragpunte is by die kampterrein aangelê en die verdeelbord by die

huis is vervang al wat uitstaande is ,is die koppel van die krag na die 4x4 baan toe en die “day night” skakelaar op die paal buite die klubhuis. Wynand het alles gedoen teen geen koste vir die BJV nie.

**11.2.3.** **Teëls vir storte :** Deon Davel is nie hier nie en Hansie sal met hom kontak.

**11.2.4** Die kleuterskool wil die 8ste September die perseel gebruik vir ‘n pa en seun aand en gaan by die kampplek oorslaap. Daar word besluit om dit gratis aan hulle te gee as deel van ‘n bemarking strategie.

**11.2.5** Phillip Robinson sal vir Leon help om die nuwe boogbaan oop te skraap asook die braai area onder die boom. Die BJV sal die diesel verskaf

**11.3 Skietbaan :**

**11.3 Uitbreiding van 100 m skietpunt :**
Giam Fourie en Wynand de Jager is besig met die oprigting van die struktuur en alles verloop volgens plan

**11.4 Boompies op 200 m :**
Staan oor

**11.5 Skadunet :**
Staan oor tot na die groepering skietdag.

**11.6 Teiken staanders :**
Chris Venter se voorstel dat trekker band vol grond op die 25 m en die 50 m afstande gesit moet word as teiken staanders word aanvaar en hy sal aandag daaraan gee.

**11.7 Kroeg :**
Tinus Erasmus rapporteer dat alles in die kroeg goed verloop. Daar is egter ‘n dringende behoefte vir nog hulp in die kroeg. Na verskeie versoeke vir hulp in die kroeg lê Tinus Erasmus ‘n voorstel op die tafel: hy en Etienne Sales is bereid om alleen aan te gaan met die kroeg maar dan sal hulle die kroeg by die BJV huur en hom op dieselfde basis as wat dit nou werk bedryf maar vir hulle eie sak. Die voorstel word na ‘n bespreking algemeen aanvaar en aan die dagbestuur oorgegee om af te handel.

**12. Skietdae :**

**12.1 Groepering skietdag – 29 September 2012:**

12.1.1 Video op “You Tube” is gelaai en dit werk goed. Positiewe terugvoer word ontvang vanaf lede.

12.1.2 Chris de Wet doen 'n beroep op al die lede om te sorg dat die borge inkom, daar is nog baie borge wat genader moet word.

12.1.3 Daar is 'n redelike hoeveelheid persone wat belang stel om tydens die skietdag op die terrein uit te stal, daar is 'n afgebakende gebied vir uitstallers.

12.1.4 Die maak van die skietsakkies word bespreek en daar word besluit om twee verskillende groottes te maak. Dit word uit rip stop meteriaal gemaak en met plastiese "pellets" gestop. Chris de Wet sal reel vir die maak daarvan.

12.1.5 Kartonne en karton asblikke moet by Houers gereel word. Dawie v Vuuren moet die hoeveelhede by Belinda kry en dit aan Johan de Beer deurgee.

12.1.6 Chris de Wet wys net daarop dat elke afdeling volgens die organigram sy reelings moet tref en toesien dat hy genoeg hulp het.

**12.2 Ghong en Boog - 4 Augustus 2012 :**

Die skietdag word gekanselleer aangesien daar te veel lede is wat ander verpligtinge het en baie lede in die jagveld is.

**13. Opleiding :**

13.1 Alles is in plek vir die junior 2 kursus te Musina.
13.2 Daar is 11 Instrukteurs wat bevestig het en daar is 12 juniors wat gaan jag.

**14. Kleiduif :**

Geen verslag.

**15. Boogjag :**

Geen verslag.

**16. Handwapenjag :**

Geen verslag.

**17. Buskruit :**

Geen

**18. Windbuks :**

Geen

**19. Jaggeleenthede :**

19.1 Daar is jaggeleenthede op die web geadverteer.
19.2 Aansteekbord; Die aankoop van die bord – nog uitstaande.

**20. Redaksie / Publikasies en Pers :**

21.1 10 Eksemplare van die boek Pensmis is aangekoop en ons wag vir aflewering.

**21. Wildsete :**

22.1 Daar is geen nuwe verwikkelinge nie, Hansie het die skousaal bespreek en ons wag nog vir vleis om in te kom.

**22. Uitvoerende vergadering :**
CHASA se Profesionele Jagters been is geskep. Hulle hou hulle eerste vergadering die 15de September by Klein Kariba.
Die volgende uitvoerende vergadering is die 15de Augustus by Polokwane klubhuis.
Die BJV kan nou voëljag, handwapen jag en ander dissiplines aanbied en indien daar 'n dissipline vir sportskiet geskryf word en dit deur CHASA aanvaar word kan die BJV dit ook aanbied en kan lede by die BJV toegewyde sportskiet status verwerf.

**23. Fondsinsamelings:**

**23.1 Advertensieborde :**
Rachelle is besig met die maak van nuwe advertensieborde.

**24. Algemeen :**

**24.1 Bestuursjagnaweek:**
Tinus Erasmus gee terugvoer oor die naweek en almal wat daar was is dit eens dat die naweek weereens 'n groot sukses was.

**24.2 Young Guides :**
Tinus het geen terugvoer van hulle af gekry nie en ons beskou dit as afgehandel.

*Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op*
***Donderdag 2 Julie 2012** om **18:00** by die **Klubhuis.***

.........................................
Voorsitter